



EBOLA - WAT JY MOET WEET

Wat is Ebola?

- Ebola-virus-siekte (EVS) is 'n ernstige en dikwels dodelike siekte in mense en nie-menslike primate (ape, gorillas en sjimpansees).

Hoe word dit oorgedra?

- Die Ebola-virus kan deur middel van direkte kontak (deur stukkende vel of slymvliese insluitend die neus, mond en oë) met die bloed, liggaamsvloeistowwe (insluitend stoelgang, urine, speeksel, semen) of weefsel van besmette persone versprei.
- Die Ebola-virus word nie deur die lug versprei nie, so om net in dieselfde kamer as die besmette persoon te wees sonder om direkte kontak te hê wat hierbo beskryf is, is nie 'n risiko vir infeksie nie.

Wie is in gevaar om aangesteek te word?

- Gedurende 'n EVS-uitbraak is diegene wie die meeste in gevaar is die gezondheidswerkers en familieleden of vriende wie nou kontak met die besmette individue het – omdat hulle in noue kontak met die aansteeklike afscheidings of liggaamsvloeistowwe is wanneer hulle vir die siek persone sorg.

Die uitbraak in Wes-Afrika

- Die huidige Ebola-uitbraak in Wes-Afrika is die eerste keer in Maart 2014 aangemeld, en sluit vier lande in: Guinee, Liberië, Sierra Leone en Nigerië.
- Dit is die grootste bekende Ebola-uitbraak.
- Deskundiges werk saam in 'n internasionale respons om die uitbraak te beheer.

Die risiko vir reisigers na Wes-Afrika

- Die risiko dat n reisiger Ebola kan opdoen is baie laag waar die direkte kontak met die bloed of liggaamsvloeistowwe van n besmette persoon afwesig is.
- Reisigers moet 'n geldige geelkoors-inentingsertifikaat hê en

roetinevoorsorg tref om infeksies te voorkom insluitend malaria-profilakse, om muskietbyte te voorkom, om hande gereeld met skoon water en seep te was, en om aan veilige kospraktyke te voldoen.

Wat is die risiko vir mense in Suid-Afrika?

- Die risiko dat die Ebola-virus na Suid-Afrika versprei word, word as laag beskou.

Huidige situasie in die Wes-Kaap en Suid-Afrika

- Tans is daar geen aangemelde gevalle van EVS in die Wes-Kaap of Suid-Afrika wat met die uitbraak geassosieer word nie
- Alhoewel dit onwaarskynlik is dat die Wes-Kaap sulke gevalle sal hê, het die Wes-Kaapse Regering Gesondheid verskeie maatreëls in

gestel om te verseker dit is gereed om 'n ingevoerde geval van EVS te hanteer

- Alle belangrike rolspelers (Oordraagbare Siektebeheer, Hawegesondheidsdienste, Mediese Nooddienste, ens.) werk tesame om die opsporing, aanmeld en beheer van 'n vermoedelik EVS-geval te verseker
- Tygerberg-hospitaal is die aangewese verwysingsentrum in die provinsie om 'n vermoedelik EVS-geval te hanteer en te behandel. Die fasiliteit het spesialiste en opgeleide personeel om sulke gevalle te hanteer
- Ons Suid-Afrikaanse Hawegesondheidsowerhede is op 'n hoë gereedheidsgrondslag vir siek persone met EVS verenigbare simptome wat vanaf Wes-Afrika gereis het

Wat is die tekens en simptome van iemand wat met Ebola aangesteek is?

- Simptome kan vanaf 2 tot 21 dae na blootstelling aan die Ebola-virus (gemiddeld 8 tot 10 dae) voorkom.
- Die aanvang van simptome is skielik – met koors, hoofpyn, gewrigs- en spierpyn, en intense swakheid.
- Dit word gevolg deur braking, diarree, buikpyn en soms 'n veluitslag. Sommige pasiënte kan inwendige en uitwendige bloeding ervaar.

Hoe word EVS gediagnoseer?

- As 'n persoon die vroeë simptome van Ebola het en daar is rede om te glo dat EVS in aanmerking geneem moet word, moet die pasiënt afgesonder word en o p e n b a r e gesondheidsowerhede in kennis gestel word. 'n Bloedmonster kan getoets word om die infeksie te bevestig.

- 'n Gespesialiseerde laboratorium by die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (NIOS) in Johannesburg kan vir EVS toets.
- EVS kan net gediagnoseer word sodra 'n persoon tekens en simptome van die siekte ontwikkel.

Hoe kan gesondheidsorgwerkers hulself teen Ebola-virus-infeksie beskerm?

- Gesondheidswerkers moet 'n vermoedelike EVS-geval kan herken en gereed wees om addisionele infeksiebeheerpraktyke en beskermende verpleegtegnieke toe te pas. Dit sluit in om persoonlike beskermende kleding te dra (bv. handskoene, gevormde teatermaskers – as dit nie beskikbaar is nie, N95-maskers, jurke en skermbrille), en om infeksiebeheermaatreëls te gebruik (om die volledig toerustingsterilisering

en roetine-gebruik van ontsmetmiddel te verseker). Besmette pasiënte moet van ander pasiënte afgesonder word en versorg word deur personeel wat in die toepaslike infeksiebeheermaatreëls opgelei is.

- Die doel van hierdie tegnieke is om kontak met die bloed en afscheidings van 'n besmette pasiënt te vermy.

Wat as jy na die geaffekteerde gebiede gereis het en vroeë tekens van EVS ontwikkel het?

- Kry onmiddellik toegang tot gesondheidsorg en lig die gesondheidsorgwerker in oor jou reisgeskiedenis en die kontakvlak met vermoedelik of bevestigde EVS-gevalle
- Jy sal afgesonder en geassesseer word deur 'n gesondheidsorgwerker (dokter) in konsultasie met die Aansteeklike Siekte-spesialis om uit te vind of EVS oorweeg moet word
- As jou simptome verenigbaar is met EVS, sal 'n bloedmonster geneem word om die infeksie te bevestig

Vir meer inligting, besoek asseblief:
www.westerncape.gov.za
of skakel 012 395 9636



**Aan jou gebring deur:
Wes-Kaapse Regering Gesondheid**

BELANGRIKE PUNTE

Mense loop die grootste gevaar as hulle:

1. onlangs 'n land besoek het met bevestigde Ebola-gevalle
2. in kontak was met 'n persoon wat Ebola het of vermoedelik Ebola het; en
3. simptome begin kry; hulle moet onmiddellik mediese sorg soek